

27 September - ROTS

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-12

Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:4

Moses het aan die einde van sy termyn as leier gekom. Josua gaan nou by hom oorneem. 'n Groot taak wag op hom. Hy moet as God se instrument die volk Israel die land Kanaän inlei.

Hy hoef dit genadiglik nie alleen te doen nie. Net voordat hy die leisels by Moses oorneem, skryf Moses hierdie bemoedigende woorde neer: *“Hy (die Here) is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar.”* Josua het hierdie ewige Rots om op te bou, om aan vas te hou – hoe swaar dit ook al vorentoe mag gaan.

Dalk voel jy vandag 'n bietjie “af”. Jy het soveel dinge om te doen, maar jy sien nie daarvoor kans nie. Alles is vir jou te veel. Hoe gaan ek deur die dag kom?

God het van daardie tyd af tot vandag toe niks verander nie. Hy is vandag ook vir *jóú* daardie Rots waaraan jy kan vashou. So naby as wat jou skaduwee aan jou is, is Hy aan jou. Steek net jou hand uit en gryp Hom vas. Hy is hier by jou. Hy is betroubaar. Hy sal jou nie in die steek laat nie.

Al verloop jou lewe nie soos wat jy dit graag sou wou hê nie, onthou: *“Sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig.”* Jy sal oor 'n uur of wat dalk deur 'n woestyn en 'n Jordaan moet gaan, maar per slot van rekening het sy raadsplan met jou nie 'n enkele fout in nie.

Op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus is jy vir ewig God se eiendom. Jy is sy kind. Hy is jou Rots wat aan jou onbeweeglike vastigheid gee.

Hy sal alle dinge vir jou ten goede laat meewerk. Ook vandag!

Sing: Psalm 18:1, 2 (1936-beryming)

Dr AH Grové (Emeritus)